

Saterdag 24 April

Skrifgedeelte: Kolossense 1:24
– 2:5

Fokusgedeelte: Kolossense
1:27

Lewe is Christus

Christenskap is nie 'n Sondagaktiwiteit of 'n baadjie wat jy aantrek vir sekere tye en tussen sekere persone nie. Dit is nie 'n belangrike aspek van jou lewe nie. Dit is jou lewe, en alle ander aspekte van jou lewe moet voortkom en gelei word deur wie jy in Christus is. In die woorde van ons teksverse: "... die inhoud daarvan is: Christus is in julle." Galasiërs 2:20 sê dieselfde: "... en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe."

Hierdie woorde beteken Christus is die volheid van ons lewe, en dus dat geld, status, plesier, prestasies en omstandighede (positief en negatief) aspekte van ons lewe is, maar nie ons lewe bepaal of definieer nie. Geloofsomhelsing van Jesus Christus as Verlosser en Koning gee ons nie net eendag toegang tot die hemel nie. Hy is en bepaal ons lewe vandag, hier en nou. Deur sy Gees word ons gelei vir elke volgende tree. Christus werk kragtig in en deur ons (vs 29).

Gevolg/reaksie van bogenoemde:

- Blydskap te midde van lyding en moeilike omstandighede (vs 24)
- Vertel, verkondig, loop oor van wie Christus is (vs 25, 28)
- Ons leef as deel van God se plan (vs 25)
- Ons het hoop (vs 27)
- Ek span my in om ander te begelei tot die volheid en volwassenheid in Christus (vs 29 en 2:1)

Lewe ek en jy in die volheid van Christus in ons?

Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2

Ds. CJ van Heyningen (Johan) (Stellenbosch)